SAGESJAKARANDA

# FEBRUARIE 2026
# NUUSBRIEF

SAGES SENIOR GOLF-GHOLF SAGES JAKARANDA

| | |
|---|---|
| VOORSITTER: | NEELS DU TOIT |
| ONDER VOORSITTER: | THEO HENDRIKS |
| SEKRETARIS: | DOLF VAN TONDER |
| TESOURIER: | DOLF VAN TONDER |
| ADDISIONELE LEDE: | SUSAN BADENHORST |
| | LEON DE BRUYN |

**Ons volgende spel vind plaas by Cullinan op 10 Maart. Sien julle daar!**

## IN ‘N OOGWINK IS ONS REEDS IN FEBRUARIE.

Met die  Magaliesberge in die agtergrond het ons Februarie maand spel by Magalies Park plaasgevind. Die baan was pragtig na al die reën en die spelers het dit terdeë geniet. Na afloop van die spel het Las (ons amptelike DJ) vir ons musiek gespeel terwyl almal saam gekuier en boerewors rolle geëet het. Ons het ook ‘n paar gaste gehad op die dag en hoop dat hul binne kort by ons sal aansluit.

### Ons IPS wenners op die dag:

1 e- Lodewyk de Wet (14) met 41 punte
2 e - Jin de Wet (15) met 40 punte
3 e -  Hein Piater (19) met 39 punte
4 e - Willie Kidson(11) met 38 punte
5 e - Thys Bruyns (5) met 35 punte

### “Two Clubs”:

- Koot Badenhorst — Gat 9
- Jin de Wet — Gat 9
- Thys Bruyns — Gat 8
- Graham Cooke — Gat 14
- Neels du Toit — Gat 14
- Willie Kidson — Gat 5

## FEBRUARIE VERJAARSDAE

| | |
|---|---|
| Jin de Wet | 2e |
| Rob Oosthuizen | 10e |
| Manny Ferreira | 20e |
| Graham Cooke | 22e |

*Baie geluk & voorspoed vir die nuwe lewens jaar!*

**Ons “Lucky Draw” Biltong Bord wenner was Jan Terry**

Volg ons facebook blad: SAGES Jakaranda Senior Golf/Gholf

SAGES JAKARANDA

## VANAF DIE KOMITEE:

**Die eerste komitee vergadering vir 2026 het op 29 Januarie plaasgevind en die komitee se rolle is as volg verdeel:**

1. Voorsitter: Neels de Toit is herkies
2. Onder Voorsitter: Theo Hendriks - ook verantwoordelik vir die Etiek komitee (sou daar klagtes wees wat uitgesorteer moet word)
3. Tesourier: Dolf van Tonder
4. Sekretaris: Dolf van Tonder
5. KANSA & sosiale koördineerder: Susan Badenhorst
6. Addisionele lid: Leon de Bruyn

Ons is reeds druk besig met reëlings vir die Pentagon wat Jakaranda die jaar aanbied. Dit vind plaas op Maandag 18 Mei by Bronkhorstspruit . Die streke wat sal deelneem is: Jakaranda, Wes Rand, Jimmy Gowans, Oos Rand & Vaal.

Ons KANSA Dag beplanning is ook goed op dreef. Ons beplan om dit op Dinsdag 30 Junie weereens by Pebble Rock aan te bied. Meer hieroor later.

Die Nasionale SAGES byeenkoms vind plaas op 16-20 Maart 2026 by RandPark. Die span wat ons sal teenwoordig is:

- Las du Plessis (kaptein) & Nico Nel
- Koot & Susan Badenhorst
- Jin de Wet & Willie Kidson
- Jacques van Wyk & Billy Arendse

(Leon de Bruyn was gekies, maar moes ongelukkig onttrek)

**Sterkte en hou Jakaranda se naam hoog!**

## LIEF EN LEED:

Ons innige meegevoel en simpatie aan die lede wat geliefdes aan die dood afgestaan het gedurende Februarie.

- Manny & Alberto Ferreira se moeder.
- Theo Hendriks se moeder.
- Dolf van Tonder se aangetroude neef.

Mag die mooi herinneringe aan jul geliefdes vir julle krag en vertroosting bring in hierdie moeilike tyd.
Marie Venter het Gordelroos opgedoen - sterkte Marie, ons hoop jy herstel spoedig. Tersia Basson is steed op die krukkelys na haar voet operasie - ons hoop om jou gou weer op die gholfbaan te sien.

## TOTSIENS:

Ons groet vir Piet Retief wat na 31 jaar as lid van Sages besluit het om te bedank. Baie sterkte en voorspoed voorentoe Piet!

## KLEREDRAG:

**Mans:**

- ’n Hemelsblou gholfhemp met die SAGES-logo op die linkerbors.
- Donkerblou lang- of kortbroek, of donkerblou Bermuda-kortbroek.
- ’n Hemels- of donkerblou gholfpet of hoed met die SAGES-logo.
- Indien nodig: Hemels-/donkerblou windbrekers, truie of “pull overs” met die SAGES-logo op die linkerbors.
- SAGES-naamplaatjie.

**Dames:**

- ’n Hemelsblou gholfhemp met die SAGES-logo op die linkerbors.
- Donkerblou/grys romp, langbroek (slacks) of kortbroek.
- ’n Donkerblou pet met die SAGES-logo.
- Indien nodig: Hemels-/donkerblou windbrekers, truie of “pullovers” met die SAGES-logo op die linkerbors.
- SAGES-naamplaatjies.

***Plaas asb. alle klere bestellings by Neels.***

## NUWE LEDE:










*Hoop jul geniet die gholf en samesyn saam met die Sages Jakaranda familie!*

SAGESJAKARANDA

# FOTO'S VAN ONS MAGALIES PARK SPEL:















# SAGESJAKARANDA

"GOLF IS A DAY SPENT IN A ROUND OF STRENUOUS IDLENESS"














GROETE TOT VOLGENDE MAAND!